## * HAP-EN-TRAP met "JUMBO SALE" en TEETUIN *

'n Heerlike geleentheid om na uit te sien! Op Saterdag **28 Mei 08:00 tot 12:00** kuier ons lekker saam in die kerksaal! Daar gaan allerlei gebruikte goedere te koop aangebied word. Ook klere en beddegoed. Nooi almal uit om te kom inloer! Daar's ook 'n teetuin met heerlike drinkgoed, skywe koek of tert en soutigheid—net vir R20! Allerlei Hap-en-Trap eetgoed word ook verkoop: pannekoek(R4), hamburgers(R15), Kerrie Vetkoeke(R10) en basaarpoeding(R10). Kom kuier saam en geniet die heerlike eetgoed. Ons gemeente het hierdie fondsinsameling nodig om ons begroting te laat klop!

**Hoe kan jy help?**

⇒ Ons het hande nodig om te help verkoop.

⇒ Ons benodig mense om Vrydag die items te help merk.

⇒ Ons het bydraes van tweedehandse klere, beddegoed, en alle ander wit olifante dringend nodig. Bring jou bydraes Vrydag vanaf 08:00 na die saal.

⇒ Ons het ook koekmeel, kookolie, suiker, poedings en uie nodig. Gee af by ds Danie of die kerkkantoor.

⇒ Vertel vir almal wat jy mee praat van hierdie geleentheid en moedig mekaar aan om hierdie Saterdag by die kerk te eet en nie elders kitsetes te koop of koffie te drink nie

⇒ Bring jou vriende en kom kuier saam!

⇒ Sê ook vir jou tuinhulp en huishulp van die Jumbo Sale.





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 22 Mei 2016**

*"En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: 'Abba!' Dit beteken: Vader!"* *Galasiërs 4: 6*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding.



**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag om 10:15. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader om 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en **09:30** op Vleesbaai (Ds André ). Kinderkerk (Aflos ).

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese soos deur ds André gereël. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 om 18:00 by ds Danie se huis.

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Christelike Lektuurfonds.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 1 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die kerksaal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 te 17de Laan pastorie en om 19:00 by Tienie Bothastraat; Donderdag om 09:00 Vleesbaai/Rietvlei en Boeklees groep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15: 30 by Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 saam in die kerksaal(onder verhoog).

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Daar is nog geskilde perskes vir R80 p/kg beskikbaar en ongeskilde perskes vir R60/kg. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert(buite kantoorure - 6912244).

**ROSYNTJIES:** Ons verkoop weer vir Botswana-uitreik! R40 p/kg. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert(buite kantoorure - 6912244).

**DEURKOLLEKTES:** Sinodale Offer vir Blommekomitee – R1489.80; Spesiale Offer vir Koskas – R780.00; Spesiale Offer vir Bybelverspreiding - R8698.70.

**VERSORGING BENODIG:** Een van ons lidmate het 'n operasie gehad en benodig iemand (sonder afhanklikes) om vir 2-3 maande by haar in te woon. Kontak ds André as u weet van iemand.

**ACVV:** Mosselbaaitak loods 'n projek "a day without shoes" wat loop vanaf 24 Mei 2016 tot 1 Junie 2016. Enige skoene, alle groottes en nuut of reeds gedra. Kontak Esthe of Amanda vir enige skenkings – 044 6911039 opsie

### *Bankbesonderhede*

*<u>Dankoffers</u>: Absa Mosselbaai, 207 058 0031*
*<u>Geloofsoffers</u>: Absa Mosselbaai, 207 016 7886*

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**OESMAAND KOSKAS:** MEI **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).



**SING 'N NUWE (SA) LIED!** Die kerke van Suid-Afrika beplan 'n groot versoeningsveldtog (o.a. veertig dae van gebed van 7 Mei tot 15 Junie). Volledige riglyne is beskikbaar by ds André.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie weer 'n pakkie na die kinderhuis te neem. Die volgende word benodig: koffie, milo, melk en poeierkoeldrank. Toiletware, bv. sjampoe, seep, handeroom en waslappies. Skoonmaakmiddels bv. poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke. Koekies,

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
Susan Jansen van Rensburg Protea-aftreeoord, Alfred Nielson Omicronstr.





## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir MEI:*** *Huwelike en Gesin*

### <u>Dank die Here hierdie week vir:</u>



⇒ die werk van die Heilige Gees in ons lewens, die nuwe lewe wat Hy bring, en die krag wat Hy gee sodat ons by God se werk in die lewe kan aansluit.
⇒ versoeningsinisiatiewe in ons land.
⇒ die Gideons - verspreiding en plasing van Bybels.
⇒ Toegewyde gelowiges in die werkplek (dokters, verpleegsters, onderwysers, prokureurs, sakemanne, polisie, ens).

### <u>Bid hierdie week vir:</u>

⇒ Herlewing in ons dorp, die land en die wêreld.
⇒ Enkelouer-gesinne, gesinne in SA waar kinders agv vigs wees gelaat is en ouer kinders moet sorg.
⇒ Gesinne waar die pa lang tye oorsee werk.
⇒ Ons gemeente om nie na binne gekeer te leef en net vir ons eie oorlewing te werk nie.
⇒ Deurbrake t.o.v. siektes soos TB, malaria, kanker, diabetis, ens.
⇒ Botswana uitreik.
⇒ Hap-en-trap en Jumbo verkoping.
⇒ Versoening in SA en vir die Parlement, vir orde en vir effektiewe en behoorlike funksionering.

### *SAAMKUIER NA DIENS*

*Lekker koffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.*



